Mediese en Pensioen voordele in die NG Kerk

Daar is soms onduidelikheid oor uittrede onder die Algemene Sinode of bedanking uit die NGK die voordele van leraars en personeel sal raak. Kairos Netwerk het derhalwe ‘n opsomming gemaak om dit aan te spreek.

BYWONING VAN DIE KOINONIA SINODE (KS): Gemeentes het gevra of daar enige waarheid in die ATR se skrywe is dat hul voordele in gedrang kan kom indien hulle die KS bywoon. Gemeentes word juis aangemoedig deur Kairos Netwerk om in hul bestaande sinode verband te bly. Medies en pensioen word deur die arbeidswetgewing bepaal en kan dus nie daardeur in die gedrang kom nie.

UITTREDE ONDER DIE ALGEMENE SINODE: T.o.v. Medies en Pensioene verstaan ons dat die losmaak van die band met die Algemene Sinode geensins die status quo van die fondse óf deelnemende werkgewer raak nie, of ‘n effek op die lidmaatskap van lede van die fondse het nie.

Terwyl dit korrek is dat elke lid se fondswaarde individueel teen daardie lid verreken, het hierdie struktuur niks te make met lidmaatskap of deelname nie. ‘n Lid kry toegang tot die fonds vanweë die deelname van elke gemeente tot die fonds en op sy beurt, deelname aan die betrokke sinode en op sy beurt. Die Algemene Sinode vorm nie deel van hierdie struktuur nie en is daarom ook nie (binne die konteks soos hierbo omskryf) deel van die reëls van die twee fondse nie. (Elke Sinode het natuurlik hul eie bestuurspraktyke, maar dit is nie onderhewig aan die AS, ASM or ATR nie).

PENSIOENE – Bedanking uit die NGK: (LW.: Hierdie is nie die aanbevole Kairos Netwerk opsie nie)

Wanneer ‘n leraar onder die ouderdom van 55 bedank, het hy die opsie om die geld in kontant te neem, oor te plaas na ‘n annuïteit van sy keuse, of om die geld in ‘n bewaringsfonds te plaas. Met uittrede uit die fonds verval enige sterfte en risiko voordele. Gewoonlik bepaal die reëls van sodanige annuïteitsfonds of verdere bydraes gelewer mag word of nie. Die fynskrif van die polis sal egter nagegaan moet word. Die leraar kan egter ‘n tweede annuïteitsfonds uitneem en sy maandelikse bydrae daarheen betaal om dus so ‘n addisionele pensioenfonds mee op te bou tesame met die lompsom wat hy reeds in ‘n annuïteitsfonds belê het.

Wanneer ‘n leraar na die ouderdom van 55 jaar bereik is bedank, word dit as ‘n aftrede beskou en hanteer. Sodanige leraar het dan die keuse om ‘n verpligte pensioen aan te koop (gewoonlik by ‘n versekeraar van sy keuse, of om ‘n sogenaamde in-huis pensioen aan te koop, of om op ‘n gefasseerde aftrede te gaan. Leraars wat aftree in bogenoemde scenario, het die keuse om met die groep- en gadeskemas voort te gaan na aftrede met die betaling van premies vir hul eie rekening.

In beide gevalle word die volle bydraes van beide die werkgewer en die werkgewer plus opbrengs aan die leraar uitbetaal (geen gedeelte word teruggehou vir “penalisasie” doeleindes soos in die ou dae nie. Dit gaan nie oor gevestigde regte nie maar wel oor wetgewing wat hierdie “diskriminerende” praktyk verbied.

MEDIES – Bedanking uit die NGK: (LW.: Hierdie is nie die aanbevole Kairos Netwerk opsie nie)

T.o.v. Medies beskik die NGK nie oor ‘n gemeenskaplike Mediese fondse nie. Predikante sluit by ‘n mediese fonds aan gewoonlik soos bepaal deur die betrokke sinode. Die werkgewer (Kerkraad) betaal gewoonlik die volle premie oor aan die Fonds. Die sinodale voorskrifte is 50/50 vir predikant en gemeente.

Wanneer die predikant bedank, moet hy met die kerkraad ooreenkom dat hy as hy by die fonds wil aanbly, maar dan self die volle premie betaal. Natuurlik kan hy ook dan by ’n ander mediese fonds aansluit.

Vrywaring: Hierdie inligting word aangebied soos verkry deur skakeling met lede van die AS en Sinodes. Kairos Netwerk aanvaar geen aanspreeklikheid vir die korrektheid daarvan en beveel aan dat hierdie tipe besluite in oorleg met ‘n geregistreerde finansiële adviseur moet geskied.